

HOLLANDSCHE MOLEN KAMP

9 – 11 Maart 2012



Vrydagaand was almal daar en klaar opgeslaan. Dit is altyd so lekker met al die kerslig-tipe liggies wat oral in die park is, dit maak dit so feestelik en herinner mens altyd aan kersfees!

Dit is nou net 'n plesier om hier te kamp, nadat die kamp so pragtig opgradeer is en die nuwe badkamer blokke gebou is, kan mens net alles geniet!

Braaivleisvure is aangesteek en oral is daar in groepe lekker saamgekuier en gebraaai.



Die kinders het dit natuurlik net so geniet – en marshmallows is ook gesmelt in die vuur.



Saterdagoggend het almal 'n heerlike rustige oggend geniet en die hele omgewing verken. NG-Kerk op Franschhoek het 'n kersmis gehad en heelwat lede het daar gaan inloer. Wynkelders is ook besoek vir wynproe asook die pragtige motorversameling van die Rupert's ~ wat werklik die besoek werd was! Ons kan enige motor en motorfiets entoesiaste aanbeveel om gerus hierdie uitstappie te doen as julle in Franschhoek om gewing is.



Hier is iets van alles te sien, van die oudste ~ tot die nuutste!!





Van net na 4uur Saterdagmiddag af is die vure en Mbula stofies al aangesteek vir ons Potjiekos-rondom-talie van die aand. So tussen die werk deur het almal ook sommer lekker saamgekuier.

Ons het 'n potjiekos-braaier uitgeloot wat Wiaan aan ons geskenk het, daar is R700 ingesamel met hierdie lootjie! Baie dankie Wiaan, dit is 'n baie oulike geskenk!

Die gelukkige wenner van die Potjie-braaier is: Mike Knoetze ~ Baie geluk Mike, julle moet hom geniet hoor! Hoop hy gaan baie lekker potjies maak! Regs staan Corrie wat die potjie-braaier aan Mike oorhandig en Wiaan wat ons skenker daarvan was! Onder is Pieter reeds hard besig met die voorbereiding van sy potjie.



Tussen die potmakery deur is daar natuurlik ook rugby gekyk en grappe gemaak. Kyk hoe lag Fred, Mike en Cor hier!



HOLLANDSCHE MOLEN KAMP

9 – 11 Maart 2012



Kerrie-hoender pot, skaapboud pot, nog ander hoenderpot en beesstert pot en skenkel potjies was gemaak, daar was werklik te kies en te keur,

en almal het heerlik saamge-eet agterna!



Lamspotjie – links.



En Wiaan het natuurlik vir ons die vermaak en musiek vir die aand verskaf ~ dit was baie lekker gesellig ~ dankie ook daarvoor Wiaan!



